

**SKRIFLESING:** Lukas 2:8-20 Jesaja 9:5-6 Matteus 5: Johannes 14:27

**Tema: Die Vredevors maak ons Sy vredemakers.**

Dit was kersdag, byna 50 jaar gelede. In 'n Duitse gevangenis, in die bitterkoue Europese winter, het 'n Hollandse dominee gesit. Hy was mistroostig en eensaam. Meer as twee jaar gelede het die Duitse soldate hom van sy vrou en kinders weggeskeur en in die vreemde opgesluit. Hy was honger en het van die koue gebewe. Deur sy tralievenster het hy die sneeu sien val.

Hy vertel dat hy sy trane nie kon keer nie: "Heimwee en verlange na my vrou en kinders het my oorweldig. Waar was hulle op hierdie dag? Sou hulle kersfees vier? Dalk was hulle in die kerk besig om kersliedere te sing...."

Toe die dominee hom kon kry, het hy sy houtbankie na die seldeur gesleep. Met sy mond bo teen die skrefie tussen die die staaldeur en die kosyn het hy begin sing, eers sag en later uit volle bors: "Die Heiland is gebore, Herders op die ope velde en Stille nag, heilige nag." Die soldate het hom probeer stilmaak met 'n gehamer aan die deur. Die dominee was begeesterd en het nie ophou sing nie. Een na die ander het die ander mede-gevangenes in die selle begin saamsing totdat die hele tronk van kerssang weergalm het. Die soldate, wat net so huistoe verlang het, het later begin saamsing: "o die goeie tyding, o die blye tyding..." Met trane wat oor hulle wange stroom het die dominee op die houtbankie, sy mede-gevangenes in hulle eensame selle, die bevelvoerder en die soldate die een lied na die ander gesing tot laat in die nag.

Daardie dag het ons iets beleef van wat kersfees regtig beteken, van sy vrede op aarde, het die dominee later vertel. Dit was asof die engele van Betlehem ons besoek het. Die ware vrede van kersfees het die hele tronk gevul.

Maar waar is die vrede waarvan die engele gesing het vandag? Waar is die vrede wat Jesus sou bring?

Na al die eeue is daar net meer haat en geweld. Daar is soveel oorlog, onreg en pyn, soveel ontwortelde mense in vlugtelingkampe. In geen tien jaar na die koms van die Vredevors was daar nie êrens op aarde 'n bloedige oorlog aan die gang nie. In die laaste eeu het meer mense as gevolg van oorlogsgeweld gesterf as in enige ander tyd in die geskiedenis van die mensdom. Vrede is 'n skaars artikel in ons tyd.

Ten spyte van die koms van die Vredevors het mense mekaar bly seermaak en doodmaak. Bloed en trane het bly vloei. Dikwels is Christene hierby betrokke, selfs in ons eie huwelike en gesinne.

Waar is die vrede op aarde? Die afgelope 2 000 jaar was die tydperk van die vis. Die tyd waarin die Christendom sy stempel op die geskiedenis afgedruk het, so beweer die een New-Age skrywer na die ander. En tog was dit die bloeddorstigste tyd ooit. Die tyd van die meeste onverdraagsaamheid ooit. Die tyd waarin die bloed van miljoene, ook in die naam van die Here, gevloei het. Gelukkig, sê hulle, sal die nuwe era, die tyd van die waterdraer nou aanbreek. Nou sal vrede uiteindelik oor die aarde neerdaal.

En tog glo ons dat Christus alleen die vredevoers is. Ons bely dat Hy alleen vrede op aarde 'n werklikheid maak. Ons sing: "Engele uit die hoogste hemel sing ter ere van 'n Kind, van 'n nuwe tyd wat aanbreek waarin almal vrede vind" en van die: "kind as Voers van vrede." Ons hoor Hom ons vanoggend groet met: "Vrede vir julle."

Maar waar is die vrede waarvan die engele gesing het? Waar is die vrede waarmee Hy die aand na Sy opstanding die dissipels gegroet het?

Om die Vredevoers se vrede beter te verstaan, moet ons vir mekaar vra waar onreg en onvrede vandaan kom? Die antwoord is eenvoudig, dit kom van sonde af. Alle haat en geweld is gebore uit sonde. Ek en jy het teen God, vir sonde en onvrede gekies. Ons was hulpeloos verlore in sonde.

Toe stuur God Sy Seun as Verlosser vir ons. Hy word verneder tot 'n kind in 'n krip en word gespyker aan kruis. Hy kom oorwin my en jou sonde. Hy neem ons straf op Hom en bewerk 'n ander soort vrede as wat die wêreld gee.

Hierdie vrede is in die eerste plek vrede tussen my en God. Geen vrede is in ons lewens moontlik as ons nie breek met sonde en Jesus Christus as Verlosser aanvaar nie. Dit is waarom ons, ook oor Kerstyd, laag by die krip kniel. Hy is die Here wat sy vrede in ons lewens werk. Deel van die vrug van die Heilige Gees is vrede.

Vrede is in die tweede plek 'n diep persoonlike vrede wat die Vredevoers, ten spyte van ons omstandighede, in ons werk. Ons lees in Filippense 4:6-7 van hierdie vrede: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."

Maar ons mag sy geskenk van vrede nie vir onself hou nie. Ons moet dit ons eie maak en dan uitdeel aan almal. Ons lees in Luk 2:10 dat die engele: "'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die **hele volk** bestem is", bring.

Eenvoudige vuil skaapwagters, wat verag en as onbetroubaar beskou is, wat uitgewerp is en op wie neergesien is, is die eerste ontvangers van sy vrede.

Ons lees in Luk 2:11 "Vandag is daar **vir julle** in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"

Nadat hulle by die krip was, sien en hoor ons dat die Vredevoers hulle lewens onherroepelik verander het. Hulle word van die eerste uitdelers van sy vrede. Hulle doen nou wat die engele gedoen het. Hulle loof en prys vir God. Vandag moet ek en jy in wie se lewens die Vredevoers woon met hande, voete, hart en mond getuies wees van Jesus Christus, God se vrede, die enigste ware vrede vir almal van ons.

Ons moet, soos die Vredevoers, onvoorwaardelik vrede maak met die mense rondom ons. Moet nie verskonings soek of vir die ander wag om vrede te maak nie. Gaan wees jy die vredemaker.

Ons moet die wêreld op soek na vrede oproep: "Breek met sonde. Laat die Vredevoers beheer van jou lewe oorneem en laat toe dat die Heilige Gees sy vrede in jou werk.

Ek en jy moet getuig van vrede tussen God en mens, maar ons moet meer doen as net getuig van vrede. Ons moet vredemakers wees waar mense in vyandskap met mekaar leef.

Moenie kant kies nie. Gaan wees net daar. Bid vir hierdie mense. As dit nodig is om iets te sê, sal die Heilige Gees vir jou die regte woorde gee.

Die Vredevors roep ons elkeen op om deur ons woorde, maar veral deur ons voorbeeld, te help om 'n wêreld vol stukkende verhoudings heel te maak. Waar daar spanning en onsekerheid is, getuig van Christus se vrede. Waar klippe trek en koeëls vlieg, leef vrede. Waar mense met gebalde vuiste politieke slagspreuke na mekaar skree, hou die banier van die Vredevors omhoog.

Moenie wat totdat jy reg voel nie. Al ervaar jy dalk self nog self 'n stuk onvolmaaktheid, verhoed niks jou om jou bankie nader te trek en bo by die skrefie van die deur te begin sing nie: "Ere aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense oor wie Hy feesvier."

Begin net sing, jy sal verbaas wees oor hoe ver jou stem trek. Begin net sing, jy sal verbaas wees oor wie almal begin saamsing. Al ervaar jy dalk self nog self 'n stuk onvolmaaktheid, verhoed niks jou om jou bankie nader te trek en bo by die skrefie van die deur te begin sing nie: "Ere aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense oor wie Hy feesvier."

**Amen**

### **Voorstel vir skakel in kuberamma**

Die Vredevors roep ons elkeen op om deur ons woorde, maar veral deur ons voorbeeld, te help om 'n wêreld vol stukkende verhoudings heel te maak. Al ervaar jy dalk nog self 'n stuk onvolmaaktheid, verhoed niks jou om jou bankie nader te trek en bo by die skrefie van die deur te begin sing nie: "Ere aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense oor wie Hy feesvier." [Die Vredevors maak ons Sy vredemakers.](#)